Vertrou op die Here, Hy sal sorg

http://www.witkerk.co.za/Preke/psalm56.html

Psalm 65, 1 Sam 21:10-14

Psalm 56:3 Vroeg en laat jaag my teëstanders my, en ek het baie vyande, o Allerhoogste. :4 Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U. :5 In God, wie se woord ek prys, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan 'n blote mens aan my doen?

Is dit nie interessant hoe die Here soms vir ons in posisie plaas waar jy jou geld moet sit waar jou mond is nie. - Twee weke gelede het ek vir julle van hierdie kansel af gepreek dat God in beheer is en het ek by daardie geleentheid vir julle uitgedaag om die jaar 2010 in God se hande te gee, en vir Hom te sê ons aanvaar en vertrou dat dit wat hy in 2010 met ons wil doen is reg. Die volgende dag kom my seun, huistoe met die nuus dat hy gediagnoseer is met Ostio-artrose en dat hy dringend moet gaan vir behandeling. Die kussingkies stussen sy laer rugwerwels is besig om pad te gee soveel so dat hy reeds sy voet sleep as hy loop. Hy is twintig jaar oud. Skielik moet ek my geld sit waar my mond is en vir myself afvra; glo ek werklik dat God in beheer is en dit goed met my en my gesin bedoel?

Die psalm waaruit ons vandag lees is geskryf deur Dawid waar hy hom in `n veel erger posisie bevind. Die storie word in 1 Sam 21:12 vertel. Saul was besig om vir Dawid soos `n dier kruis en dwars oor Israel te jaag Dawid was alleen. Hy het geen heenkome gehad nie - hy was nêrens veilig nie, en uit die aard van die saak het hy moeg en moedeloos geword. En dis toe dat hy besluit om na Gat toe te vlug waar Akis die koning van die Filistyne woon. Hy het gedink dat hy doodeenvoudig tussen die massas sal verdwyn en `n onopvallende lewe daar tussen die Filistyne sal lewe. Daar aangekom het hy nog nie behoorlik sy tassie neergesit nie toe koning Akis se amptenare hom erken en begin vra: of dit dan nie die jong man is wat so opslae maak daar in Saul se ryk nie? Is dit nie die mannetjie van wie die vroue so sing dat Saul duisende verslaan het maar Dawid tienduisende, nie? Is dit nie die mannetjie wat waarskynlik vir Saul sal opvolg as koning nie? - En by implikasie word die vraag gevra: maar as ons hierdie jong mannetjie nou hier regsien, dan skakel ons mos `n groot held van die Israeliete uit en tien teen een nog `n toekomstige koning van Israel. - dit is toe dat Dawid bang begin word. Hy besef dat hy `n groot fout gemaak het om hierheen te vlug. Vers12 van 1 Sam 21 sê: "Toe Dawid besef wat hulle sê, het hy baie bang geword vir koning Akis van Gat".

Elke enkele krisis wat oor jou lewe kom, bring jou voor `n keuse te staan: Gaan jy in histerie verval? Gaan jy raas en skree? Gaan jy God verwyt en hom beskuldig? Gaan jy die tradisionele Afrikaner manier volg? - en met ryperd en roer dit self uit sorteer? Of gaan jy dit op die moderne Afrikaner manier regmaak deur dit te versmoor in jou baie geld? Wat maak jy as krisisse jou pad kruis? Dawid besef dat selfs Goliat se swaard hom nie uit hierdie gemors gaan kry nie en hy besluit om homself waansinig te hou. Hy laat die spoeg teen sy baard afdrup terwyl hy teen die poort se deure krap. - Koning Akis van die Filistyne gee hierdie mal man net so een kyk en gee die opdrag dat hy soos `n sleg hond weggejaag moet word. - Swaard en al. - hierdie is een van daardie oorwinnings wat Dawid nie op sy CV sou skryf nie. *"Not his finest hour."*

Hierdie optrede van Dawid was deur vrees gedrywe, miskien ook `n bietjie deur moegheid en moedeloosheid. - Jy weet mos hoe jou emosies met jou weghardloop wanneer jy fisies moeg is. En Dawid maak `n aap van homself en van sy God daar voor die Filistyne in Gat. Die tieners sê hy het sy

naam geplank.

Mag ek vir jou vra: **Wat dryf jou wanneer jy `n krisis moet hanteer?** - Word jy ook deur vrees gedryf? Of is dit kommer, of angs wat jou besluite beinvloed? Of miskien is dit daardie oorontwikkelde ego van jou wat jou alweer aan die "handles" beet het en van jou `n aap maak? Dis goed en mooi en baie dapper om self jou krisisse by die horings aan te pak, - maar dikwels loop ons ons soos Dawid vas as ons eie krag en vermoëns en vaardigheid ons in die steek laat.

Dawid is stert tussen die bene daar weg en het sekerlik iewers gaan sit om sy situasie on oênskou te neem en tot sy sinne te kom. Daar het die Gees van die Here begin om in sy hart te werk. Sy gedagtes skryf hy neer, en deur die voorsienigheid van God het ons Psalm 56 om ons te leer om nie dieselfde foute te maak ten midde van krisisse nie.

Hoe behoort ons ons krisisse te hanteer? In :2 en 3 sien ons hoedat Dawid na die Here toe gaan en die saak met God gaan bespreek. - Dawid vertel vir die Here in `n geselstrant dat hy baie vyande het, en dat hulle hom dag en nag jaag. In :6 -8 erken Dawid dat hierdie ouens sy dood soek, hulle maak sy lewe onaangenaam, hulle maak bose planne teen hom, hulle agtervolg hom hulle lê vir hom en loer want hulle wil hom skade doen. Hoor jy wat God wil hê jy moet doen wanneer jy in `n krisis beland? - die Bybel sê: (**1Pet 5:7**) *Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.* **Fil 4:6***Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.* God wil hê dat jy in stilte by hom sal gaan sit en hom van jou krisis sal vertel. - Hy wil hê dat jy die fynste detail van jou krisis met hom sal deel.

Gesels met God oor jou krisis, en iewers deur die gesprek sal daar vir jou helderheid oor die ware feite van jou krisis kom. - Elke krisis ontlok `n emosionele reaksie by 'n mens. Maar soos wat jy die krisis in detail met God bespreek, haal jy die emosionele element daaruit. Stadig maar seker deur jou gebed kom daar perspektief op die krisis en dan kom die ware feite een vir een na vore. Wat is die belangrikste waarheid wat vir Dawid tref hier waar hy voor die Here sit? - ons lees in : 9 dat sy ellende nie ongemerk by God verbygaan nie. - hy besef skielik dat God sy trane raaksien! God stel so belang in wat in sy lewe gebeur dat God sy trane in sy boek opteken - elke enkele een van hulle! - **God weet van jou hartseer! Dit gaan nie ongesiens by Hom verby nie!** - Dawid kom agter dat in hierdie geval God aan sy kant is! God staan nie daar eenkant met gevoude hande en kyk hoe jy bloei nie, hy is betrokke, en hy is aan jou kant! Hoe weet Dawid hierdie dinge? - Hy het dit in God se Woord gelees! Hy het gelees hoedat God in die verlede met Abraham en Isak en Jakob gewerk het. Hy het gelees hoe God met Israel gemaak het in Egipte en toe weer in die woestyn.

In :5 en weer in :11 verwys hy na God as: "die God is wie se Woord hy prys". As jy vir God nie ken nie, weet jy nie wat jy van hom kan verwag nie. As jy nie in die Bybel gelees het hoe God oor sy kinders voel wanneer hulle in krisisse verval nie, het jy nie `n verwysingsraamwerk oor hoe God oor jou voel wanneer jy in `n krisis is nie. Jy weet nie wat jy van God kan verwag as jy hom nie ken nie. En omdat jy nie weet wat jy van God kan verwag nie, val jy uitmekaar onder die druk van die krisis. Laat ek dit onomwonde sê: ons mense val uitmekaar ten tye van krisisse omdat hulle nie vir God ken nie. - ek sê nie dat hulle nie gelowiges is nie - maar ek sê dat gelowiges se kennis van God so beperk is dat hulle geen verwysingsraamwerk het vanwaar hulle God kan verstaan nie. - Kom ons wees nou eerlik met mekaar: - julle hou nie baie van Bybelstudie nie doen julle? (As julle van Bybelstudie gehou het dan sou julle gekom het wanneer dit aangebied word) - en omdat jy nie Bybelstudie doen nie, het jy geen kennis basis oor God en sy werk in die verlede met sy kinders, en omdat daar geen inligting in jou verwysingsraamwerk gestoor is nie, verstaan jy nie waarmee God in jou lewe besig is nie.

Of jy wantrou vir God dat Hy dalk kwade bedoelings met jou het. **Jou vermoë om krisisse te hanteer is direk verwant aan die hoeveelheid kennis wat jy van God en Sy gekiedenis met Sy kinders het.** Ek pleit by julle, kom studeer saam met ons, kom leer saam met ons van God en van sy werk met mense en kom versterk jouself sodat jy nie net self `n krisis kan hanteer nie, maar ook iemand anders kan help wat in een of ander krisis verval. "Maar kennis is nie alles nie" hoor ek jou sê: - en jy is heeltemal reg. Maar as jy nie kennis het nie, het jy niks. Want op grond van jou kennis moet daar `n besluit kom. Hoe verwerk `n gelowige `n krisis? Dit begin met `n ingrype in `n mens se lewe - kom ons noem dit die krisis. Dit kan slegte nuus wees of finansiële probleme. Miskien is dit fisiese skade of misdaad in jou lewe. Natuurlik volg daar nou `n emosionele reaksie - ons is mense en as mense emosionele wesens - moenie sleg voel oor jou emosionele reaksie nie. –Maar as jy jou ingrawe by die emosionele reaksie, en dit jou enigste reaksie bly dan is jy `n tragiese geval. Daar moet `n tyd in jou reaksie kom wat jy die krisis met God bespreek - hoe gouer hoe beter. Want nou bevind jy jou op die pad van herstel.

Terwyl jy jou krisis met God bespreek, kom God se Heilige Gees en diep die regte kennis uit jou onderbewuste op om jou te lei sodat jy die regte besluite neem! Op grond van die kennis wat jy aangaande God gestoor het en op grond van jou vorige ondervindings met God maak jy nou `n bewuste keuse: om aan Hom te bly vashou omdat jy weet dat Hy `n hoër groter plan met hierdie situasie het. Om aan God te bly vashou omdat jy weet dat hy jou nie in die steek sal laat nie. Om aan God te bly vashou want jy weet dat Hy betroubaar is. Jou ondervinding en jou kennis van die Skrif het jou geleer dat jy op Hom kan bly vertrou.

Geloof is `n wilsbesluit gegrond op kennis en vorige ondervinding om op God en sy plan met my te vertrou eerder as om emosioneel op die ingrype te reageer.

Kyk hoe doen Dawid dit in :5 "... in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie". en weer in :12 "... in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan 'n mens aan my doen?" Dit is geloof. Geloof is nie `n "goosbumpy feelgood" ervaring of 'n mistiese gebeure nie, geloof is `n keuse. Geloof is `n wilsbesluit gegrond op kennis en vorige ondervinding om op God en sy plan met my te vertrou eerder as om emosioneel op die ingrype te reageer.

Dawid besluit om sy vertroue op God te plaas en God bring op die regte tyd vir hom vrede en `n oplossing vir sy probleem. In :13 besef Dawid dat hy dank aan God verskuldig is en nadat sy probleem

opgelos is, loof en dank hy God dat hy hom gered het, en kyk wat gebeur in :14: - Dawid voeg nuwe kennis nuwe ondervinding by sy data bank met God:" want U het my van die dood gered, my voet nie laat struikel nie, en met God by my kon ek my pad aanhou loop en die lewenslig bly sien. - wat gebeur? Omdat Dawid die regte reaksie toon ten midde van die krisis - gebruik God hierdie die krisis om Dawid se geloof in hom te versterk. En omdat Dawid se geloof in hierdie krisis versterk is, groei Dawid se geloof. God gebruik hierdie krisis om hom so te versterk dat hy `n volgende krisis weer beter kan hanteer. Soveel so dat ek en jy byna vier duisend jaar later steeds kan leer uit die pad wat God met Dawid by Gat geloop het. En jy vra vir my of God in beheer is?